5 Februarie 2013

Beste Oud-BTKaners

BERGHUT INWYDING – PAASNAWEEK 2013

En toe, wonderwerk van wonderwerke, brand ons berghut / huis nie af nie. So die reünie gaan voort en is sommer 'n dankdiens ook! Kyk na die fotos kyk by: http://www.givengain.com/cause_data/images/1810/BTK_Berghut_Brand.pdf of kyk na die BTK se kreatiewe webtuiste en alles wat hulle aan die doen is, berghut fotos ook by: http://blogs.sun.ac.za/btk/.

Solank 'n voorsmakie (foto: C Rabie)

REüNIE & BERGHUT-INWYDING: Gaan kyk na die FACEBOOK blad onder "**BTK 85 jaar Reünie & Berghut Inwyding"** (as jy op Facebook is, "like" asb die blad en stuur die uitnodiging aan na ander BTK-vriende) óf volg die skakel: **http://www.facebook.com/#!/events/443481185716684/**

Paasnaweek 29 Maart tot 1 April 2013 te Wortelgat, Stanford. Kyk waar dit is op www.wortelgat.org.za. Die foto bo-aan die webwerf is van Maanschijnkop, wat deel is van die Hermanus-berge. Crystal kloof, waar die hut gebou word, is net links van waar die woord Wortelgat regs op die foto staan. Vir die detail reëlings, kyk ondertoe.

JOU E-POS 'SEBLIEF Stuur seblief vir André Leuvennink e-pos adresse en selfoonnommers van jouself en alle oud-BTKaners wat graag periodieke nuusbriewe wil ontvang. Andre is by a.c.leuvennink@gmail.com.

BERGHUT INWYDING / BTK REÜNIE: PAASNAWEEK 2013: REËLINGS

INSKRYWINGS (eindig 15 Maart 2013):

a) Reël jou verblyf met Wortelgat deur vir hulle te bel of te epos by: +27-28-341 0666 sel 083 299 6913 by info@wortelgat.org.za (Riann en Lynn Kruger). Daar is verskeie vorme van verblyf: Kamp teen R35 per perseel per nag; bly in boskamp-hutte R95 pp per nag (R475 minimum per 10 bed hut); huise op die terrein R120 pp per nag (minimum per huis is R960 per nag). Families en vriendegroepe kan gerus saam die hutte en huise bespreek sodat ons maksimum kan volmaak om almal plek te gee. Ons kamp en vergadergeriewe is in die pragtige "Boskamp" op Wortelgat. Betaling is elektronies en bevestig inskrywing (Wortelgat sal jou die besprekingsvorms stuur as jy hulle kontak).

b) Jou deelname en aandetes reël jy met die OLB. Oggend en middagetes is jou eie verantwoordelikheid. Die BTK gee drie kampvuur-aandetes: Vrydag tot Sondagaand @ R50 per ete. Jy moet laat weet watter aande jy daar gaan wees (kinders onder 12 is halfprys, onder drie is verniet). Laat weet vir André by a.c.leuvennink@gmail.com Betaal die aandete geld oor aan Universiteit Stellenbosch @ Standardbank Stellenbosch: takkode: 05 06 10; rekening 073006955. Verwysing: Jou VAN + SV051-**007** (LW 008 is vir skenkings en 007 is die OLB se reünie rekening).

BERGHUTINWYDING PROGRAM:

Die huidige BTK het 'n berghutkamp by die Berghut. Ons program lyk so:

Do 28 Mrt	Wortelgat se kantoor sal almal wat aankom kan rigting gee! Jy sorg die dag vir jou eie kos. Ons bespreek die Vrydag en naweek se reëlings by die boskamp om 19h00. As jy eers Vrydag kan arriveer, is dit heel OK, meld aan by Wortelgat kantoor as jy aankom.
Vry 29 Mrt	Daguitstappies (oorsig en program volg later na inskrywing): Kies een uit die spyskaart en gaan stap, of doen niks en rus. Aand 1830: Ete, Goeie Vrydag aanddiens & kampvuur by Boskamp.
Sa 30 Mrt	Daguitstappies: Kies een uit die spyskaart - of jy doen weer niks en rus vir die items. Aand 1830: Ete & kampvuur by Boskamp.
So 31 Mrt	10:00 OPSTANDINGSDIENS by die BTK Berghut. **Berghut inwyding.** Saamkuier. Groepfoto. Bring jou eie eetgoed. Die wat in die omgewing wil stap of indringer plante wil uitkap, is welkom! Daar is heerlike speelplek-slaapplek-piekniekplek in die stroom wat voor die hut verbyloop. Aandete: 1830 & kampvuur by die boskamp.
Ma 1 Apr	Kuier – en vertrek op jou eie tyd!

Die Reüniekomitee

Jurgens Hendriks (BTK-OLB Voorsitter, hjh@sun.ac.za; 073-772-6706)

Andricus van der Westhuizen (Sekretaris en parlementêre verteenwoordiger, andricusvdw@mweb.co.za 082-372 3163)

Hendrik le Roux (Reünie kampkommandant, leroux@sanlam4u.co.za ; 082-375-2247)